



LAERSKOOI MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
Faks: 021 – 903 2523
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilrivier
7580

Posbus 53
Kuilrivier
7579

**... waar kind
nog kind kan
wees ...**

2 Februarie 2021

Geagte Ouers,

Welkom by die begin van die 2021 akademiese jaar. Ons vertrou dat u goeie gesondheid geniet en dat die nuwe jaar nuwe hoop en nuwe moed sal bring. Alhoewel ons later begin, is ons vol vertroue dat ons die kurrikulum sal voltooi en ons sal voortgaan om die akademiese uitnemendheid en persoonlike aandag wat sinoniem is met ons skool, te onderhou.

Die leerders is geskeduleer om op 15 Februarie 2021 terug te keer. Ons het opgemerk dat met die verandering van datums, waninligting aanlyn en in die media gesirkuleer word oor die betaling van skoolgeld. Ons wil enige verwarring uitskakel.

U skoolgeld is 'n jaarlikse bedrag, ongeag die hoeveelheid tyd wat die leerder fisies by die skool deurbring.

In 2020 is 'n begroting vir die volle 2021 akademiese jaar opgestel. Op grond van hierdie begroting is skoolgeld deur die ouers goedgekeur by 'n Algemene Jaarvergadering wat in 2020 gehou is, waar 'n resoluie aanvaar is dat die jaarlikse skoolfooi vir 2021, R14 960-00 per kind beloop. Hierdie bedrag is verskuldig en betaalbaar op 1 Januarie 2021.

Ouers wat nie op 1 Januarie 2021 die volle bedrag van R14 960-00 vooruit kan betaal nie, kan kies om dit oor 11 maande te betaal, op voorwaarde dat indien hulle agterstallig raak met een paaiement, die volle bedrag skoolgeld verskuldig en betaalbaar sal wees.

Skoolgeld in 'n openbare skool, word nie op 'n kontraktuele basis gehef nie. Dit is 'n Statutêre verpligting en ouers is verplig om hul skoolgeld ingevolge Artikel 40 van die Suid-Afrikaanse Skolewet te betaal. Indien ouers weier om ingevolge Artikel 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet skoolgeld te betaal, kan die skool regstappe neem. Skoolgeld val nie onder die Nasionale Kredietwet of die Verbruikerswet nie.

Die leerder se fooi is R14 960-00 per jaar. Die Staat betaal die skool slegs 'n bedrag van R264 per kind per jaar. Vir die res van die skool se operasionele uitawes is die skool van die betaling van skoolgeld afhanklik. U kind ontvang tans gehalte-onderwys en vir ons om voort te gaan om dit te doen, vereis ons dat ouers hul skoolgeld moet betaal. 75% van ons begroting gaan na onderwysers se salarisse. Dit het tot gevolg dat kleiner klasgetalle moontlik is, wat tot meer individuele aandag aan leerders lei.

Ouers wat vir hulp kwalifiseer, word daaraan herinner om hul voltooide vorm en dokumentasie voor 31 Maart 2021 in te handig.

Ons bedank u vir u volgehoute ondersteuning.

Vriendelike Groete

LC Mouton
SKOOLHOOF